

Belinda Bras-Nel vertel sy help mense om boodskappe van die engele te hoor. | FOTO: MARY-ANN PALMER

# Engele-fluisteraar lok mense van ver

## Vertel in boek van haar pad met dié wesens

**JOHANNES DE VILLIERS**
**IN VANDERBIJLPARK**
johannes@rapport.co.za


Engele is oral om ons, glo baie mense. En tog sal party mense verbaas wees om te hoor jy het 'n buitengewoon goeie kans om 'n engel in Vanderbijlpark teë te kom.

Dié dorp in die Vaaldriehoek, bekend om sy staalfabrieke en nywerheidsgebiede, lyk nie na die soort plek waar engele rondfladder nie, maar in 'n woonbuurt op die rand van die dorp woon 'n vrou wat stil-stil besig is om iets toweragtigs rondom haar tot stand te bring.

Belinda Bras-Nel, 'n ma van twee, vertel sy het 'n ope kanaal na die engele ontdek. Sy gesels glo met dié bonatuurlike wesens en dra hul boodskappe van raad en bemoediging aan mense oor.

Skeptiese mense sal dit aflag en Belinda doen self nie veel om haar "talent" te adverteer nie, maar die laaste paar jaar het die nuus oor haar gesprekke met die engele wyd oor die riemtelegram versprei sodat sy al 'n hele gevolg het van mense wat by haar kom hoor wat die engele als vertel.

Dan sit sy met jou in haar voorkamer vol prente van ligwesens teen die muur, sy haal diep asem, glimlag saggies en vertel jou hoe die engele jou glo deur die lewe wil help.




**Die voorblad van Belinda Bras-Nel se boek, *My pad met engele*, waarin sy vertel dat sy met hemelwesens kommunikeer.**

Deesdae kom mens al hoe meer in plekke soos Pretoria en Johannesburg mense teë wat uit die bloute uit begin vertel van die "merkwaardige me. Bras-Nel" op Vanderbijlpark en hoe sy hulle gehelp het om die engele se raad te hoor.

> **"Elke mens, elke dier, elke boom het 'n engel wat vir hulle sorg.**

Onlangs het Belinda uiteindelik die kollig betree deur 'n boek, *My pad met engele*, te publiseer. Sy vertel die engele het laat weet dit is tyd dat sy haar boodskap na 'n breër gehoor neem.

In die boek vertel sy hoe sy as eertydse ingenieurstudent en jong ma depressie ontwikkel en senu-ineenstortings beleef het totdat sy die engele ontmoet het.

Ná jare se gesprekke met hulle is haar lewe omgekeer en as mens haar nou besoek, vind jy 'n rustige persoon met 'n sagte glimlag wat graag praat oor die vrede wat sy gevind het. "Die engele was God se manier om my uit 'n diep gat in my lewe te haal en te wys daar is meer aan die lewe," vertel sy.

"Dis wat die engele doen. Hulle is God se manier om ons te help. Elke mens, elke dier, elke boom het 'n engel wat vir hulle sorg."

Skeptici wat meen sy suig die engelboodskappe uit haar duim, het ook al by haar spreekkamer kom inloer. "Dan sit hulle daar met arms gevou terwyl hulle my uitvra. Maar ek het al agtergekom die engele het nie vir hulle boodskappe nie, want hul gesindheid is nie reg nie."

Daar is egter toenemend mense, van so ver soos Bloemfontein, wat by haar opregte raad kom soek, en Belinda is besig om vinnig en stil-stil een van die meer prominente name op die plaaslike esoteriese toneel te word.

Maar sy voeg by dat sy nie erg daaroor is as mense by haar inloer vir toekomsvoorspellings of ligsinnige praatjies nie. Die eintlike doel van die engele is om mense te help om die waarheid van hul siel te ontdek.

"Ek glo as jy in voeling is met jou siel, dan sal jy die lewe hê wat jy moet hê. Dit is wat die engele vir ons wil wys."